

HOOFSTUK 3

BEROEPSBELANGSTELLINGS MET DIE KLEM OP DIE STRUKTUUR DAARVAN

3.1 INLEIDING

Verskeie veranderlikes is ter sake in die loopbaanvoortligtingsproses, soos byvoorbeeld aanleg, persoonlikheid en beroepsbelangstellings. Vir die doeleindes van hierdie studie word slegs gekyk na beroepsbelangstellings - daar sal deurgaans na belangstellings verwys word. In die eerste gedeelte sal die aard van belangstellings in oënskou geneem word. Daar word ook kortliks na die verband tussen waardes en belangstellings gekyk, aangesien persoonlike ervaring in die loopbaanvoortligtingspraktyk toon dat dit konsepte is wat dikwels verwarring skep. In hierdie gedeelte word ook aandag gegee aan die ontwikkelingsproses van belangstellings. Tweedens sal die struktuur van belangstellings bespreek word. Hier sal onder meer ondersoek ingestel word na die rol van die struktuur van belangstellings, asook die voorstelling van verskeie modelle wat die struktuur van belangstellings beskryf. Daarna word na die relevansie van en navorsing oor die struktuur van belangstellings in 'n kruis-kulturele opset verwys, en laastens na die funksionaliteit van belangstellings met spesifieke verwysing na meting.

3.2 AARD EN ONTWIKKELING VAN BELANGSTELLINGS

3.2.1 Agtergrond

E.K. Strong het sekerlik nie in 1943 besef wat die omvang en kontinuïteit van sy baanbrekerswerk rakende die meting van belangstellings sou wees nie. Sedertdien het vele navorsers in die loopbaansielkunde-veld hulle bemoei met die bestudering en verklaring van hierdie konstruk of konsep. Die nasleep van die invloed en impetus van die aanvanklike en opeenvolgende navorsing en bespreking van hierdie onderwerp, het so onlangs as 1997 prominent gefigureer toe die Society for Vocational Psychology hulle tweejaarlikse konferensie aan dié fenomeen, beroepsbelangstellings, gewy het. Hierdie byeenkoms en interaksie het gelei tot 'n

hedendaagse volwaardige publikasie in 1999 rakende die onderwerp - Vocational Interests: Meaning, Measurement, and Counseling, onder die redaksionele toesig van Mark L. Savickas en Arnold R. Spokane.

3.2.2 Die verskil tussen waardes en belangstellings

Alhoewel persoonlikheid per definisie die totaliteit van menslike gedrag omsluit, fokus persoonlikheidsmeting slegs op nie-kognitiewe aspekte. Persoonlikheid bestaan uit dinamiese sowel as strukturele dimensies of aspekte, soos byvoorbeeld interpersoonlike verhoudings, motivering, belangstellings, houdings en emosies (Owen & Taljaard, 1995). Indien belangstellings dus gemeet word, is dit volgens verskeie navorsers 'n dimensie van persoonlikheid wat spesifieke inligting oor 'n persoon se voorkeure verskaf.

Verskillende teorieë en meningsverskille ten opsigte van die konsepte en ooreenkomste en verskille tussen waardes en belangstellings word al jare lank aangetref (Breme & Cockriel, 1975). Die oorsaak van hierdie kontroversie word grootliks toegeskryf aan die definisies van waardes en belangstellings wat verwarring veroorsaak soos geïllustreer in die ondergaande voorbeelde:

... work values have meaning only through studying vocational interest
(Crites, 1961, p. 330);

...values are the starting point in a career decision making process designed to expand individual freedom and active participation - what satisfaction he is looking for (Katz, 1980, p.34);

...values represent feelings (and judgement) about outcomes or results, such as the importance, purpose or worth of an activity (Katz & Shatkin, 1983, p.17); en

...values are objectives that one seeks to attain to satisfy a need
(Super, 1973, p.190).

Wanneer pogings tot definisies rakende belangstellings gegee word, word dit gewoonlik eerder operasioneel as konseptueel gestel. Sekere definisies van belangstellings stel egter ook 'n mengbeeld van waardes en belangstelling voor, wat dan verwarring veroorsaak. Die volgende definisie is 'n voorbeeld daarvan:

...interests apply to the differentiated means by which the valued goal may be reached (Katz & Shatkin, 1983:17)

Dawis (1992) wys daarop dat die primêre verskil tussen belangstellings en waardes verklaar kan word ten opsigte van die fokus van twee genoemde fenomene. Volgens hom fokus waardes op die relatiewe belangrikheid van dinge vir 'n persoon, teenoor belangstellings wat fokus op die voorkeur (hou van/hou nie van) van dinge - dit is dus 'n geval van belangrikheid teenoor voorkeur.

Vansickle en Prediger (1991) beklemtoon die feit dat sekere aspekte van die wêreld-van-werk belangrik vir werknemers, werkgewers, voorligters en hulle kliënte is. Een so 'n aspek noem hulle werksattribute of beroepsattribute. Meeste beroepe het verskeie attribute of eienskappe, byvoorbeeld om kreatief te moet wees en om onafhanklik te kan werk, wat veroorsaak dat hulle verskil van sommige en ooreenstem met ander. Mense heg verskillende grade van waarde aan hierdie beroepsattribute en dit wil voorkom asof beroepstevredenheid tot 'n groot mate verband hou met die mate van waardeskatting van spesifieke attribute van 'n bepaalde beroep. Hierdie waarde wat op 'n beroepsattribuut geplaas word, staan dan gewoonlik bekend as 'n werkswaarde.

Pryor (1979) het voorgestel dat die begrippe waarde en attribuut vervang word met werksvoorkeur. Volgens hom mag werksvoorkeur moontlik 'n aanduiding wees van die onderliggende behoeftes van 'n individu. Zytowski (in Van Sickle & Prediger, 1991) het op sy beurt geredeneer dat die begrip voorkeur 'n versamelnaam kan wees vir behoeftes, waardes en belangstellings. Volgens hom is dit makliker om voorkeure waar te neem as wat die geval met behoeftes, waardes en belangstellings is. Vansickle en Prediger (1991) stel voor dat 'n kombinasie van Pryor en Zytowski se voorstelle gebruik word om werkswaardes te beskryf, naamlik attribuutvoorkeur.

Daar word dikwels aanvaar dat attribuutvoorkeur en belangstellings tot 'n mate ooreenstem, byvoorbeeld om ander te help is beide 'n attribuutvoorkeur (av) en beroepsbelangstellings (bb). Navorsing aangaande die verband tussen hierdie twee fenomene is dikwels teenstrydig. Sekere studies rapporteer korrelasies wat wissel van 0,20 tot 0,40 tussen ooreenstemmende attribuutvoorkeure en beroepsbelangstellings (byvoorbeeld om Uitdagings te aanvaar (av) en Onderzoekend (bb); Sekuriteit (av) en Konvensioneel (bb)) (Knapp & Knapp, 1979; Nordvik, 1991). Ander studies rapporteer lae tot geen ooreenkomste (Breme & Cockriel, 1975; Rounds, 1990). In 'n faktoriale ontleding het Chapman, Katz, Norris en Pears (1977) bevind dat attribuutvoorkeure onderskei kan word van belangstellings en aanleg. Nevill & Super (1986) het bevind dat slegs 4 uit 21 attribuutvoorkeure ooreengestem het met belangstellings.

Katz (1969) het voorgestel dat daar eerder konseptueel onderskeid getref moet word tussen attribuutvoorkeure en belangstellings. Volgens hom reflekteer waardes 'n persoon se gevoel ten opsigte van die uitkomst van werk (byvoorbeeld inkomste) en belangstellings die aktiwiteite wat 'n persoon in staat stel om sekere uitkomst te bereik. Sy aannames impliseer dat attribuutvoorkeure en belangstellings verskil. Dit elimineer attribute wat nie direk aan uitkomst gekoppel kan word nie, soos byvoorbeeld onafhanlikheid (bb). Zytowski (1970) het voorgestel dat daar tussen die volgende drie algemene kategorieë van attribuutvoorkeure onderskei behoort te word, naamlik:

- Ekstrinsiek - 'n uitkoms van werk, byvoorbeeld inkomste;
- Intrinsiek - deel van die werk self, byvoorbeeld om ander te help; en
- Samelopend met werk, byvoorbeeld om buitenshuis te werk.

As gevolg van die onsekerheid wat daar bestaan rakende die twee genoemde fenomene en die persepsie dat meting hiervan in loopbaanbeplanningsprosesse verskillende inligting beskikbaar stel, word daar in die praktyk gewoonlik meestal voorsiening gemaak vir afsonderlike meting en dan wel as gevolg van die volgende samevattende oorwegings:

- Korrelasies tussen twee genoemde fenomene is oor die algemeen laag;

- Baie attribuutvoorkeure in vraelyste word nie in belangstellingsvraelyste aangespreek nie; en
- Die fokus van evaluering/meting verskil omdat
 - Attribuutvoorkeure of waardes fokus op die relatiewe belangrikheid (vir die persoon) van elke attribuut ten opsigte van al die ander; en
 - Belangstellings fokus op die beskrywing van 'n aktiwiteit en of die persoon daarvan hou of nie.

Die rol wat belangstellings in die keuse van 'n studieveld of beroep speel, is dus jare gelede erken. Belangstellingsvraelyste het gevolglik 'n belangriker plek in loopbaanvoorligting ingeneem as waardes onder andere as gevolg van die volgende redes:

- Dit is makliker waarneembaar en meetbaar deur middel van die beskrywing van aktiwiteite;
- Belangstellingsdata kan gebruik word om voorspellings van toekomstige keuses te maak - keuses word gekoppel aan moontlike toetredes; en
- Inligting ten opsigte van die gekategoriseerde belangstellings is maklik om aan kliënte te verduidelik.

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

3.2.3 Definisies en aard van belangstellings

Soos reeds gesien in afdeling 3.2.2 kan daar maklik verwarring ontstaan rondom konsepte soos belangstellings en waardes. Crites (1999) poog om belangstellings as 'n outonome entiteit te beskryf en stel dit onomwonde dat:

...vocational interests can be defined as not aptitudes, not achievements, not skills, not personality, not career maturity - but preference for different life activities. (p.163)

Anders as Holland koppel hy dit nie aan persoonlikheid nie.

In die literatuur word gevind dat verskillende uitgangspunte definisies na vore bring wat verskil. Die eksistensialisme, wat die psigologie definieer as die wetenskap van bewussyn, beskryf belangstellings as die objekte en aktiwiteite wat 'n aangename gevoel teweegbring, terwyl die standpunt wat die psigologie definieer as die

wetenskap van doelgerig- of motiveringsmatigheid, belangstellings sien as latente aandag en die aandag as belangstellings wat geaktiveer is. Die funksionalisme lê die klem geheel en al op aksie - om in iets geïnteresseer te wees impliseer aktiewe betrokkenheid by die onderwerp.

Só gebruik Savickas (1999) die etiologie om 'n algemene woordeboek-definisie van belangstellings te gee:

...interests occur when, in the belief that it will be advantageous to the self, individuals attend to an environmental object and they narrow the distance between themselves and that object (p.21).

Navorsers met 'n sosiologiese oriëntasie beskryf gewoonlik belangstellings in terme van 'n koppeling tussen 'n individu en beroepe in die samelewing. Hulle beskou belangstellings as deel van die lewensbeplanning van die individu en konsentreer op die gebruik daarvan - om in 'n beroep te staan as deel van die breër sosiale opset.

Vanuit 'n konseptuele oogpunt word Strong (1955) se definisie van belangstellings, waar hy al die konseptuele elemente van belangstellings, by name aandag, rigting, aktiwiteit, intensiteit, en kontinuïteit inkorporeer, gesien as een van die mees beskrywende en invloedryke definisies:

Interests are then activities for which we have liking or disliking and which we go toward or away from, or concerning which we at least continue or discontinue the status quo; furthermore, they may or may not be preferred to other interests and they may continue over varying intervals of time... (p.138).

Super se definisie verwys weer na die ontstaan en ontwikkeling van belangstellings:

Interests are the product of interaction between inherited aptitudes and endocrine factors, on the one hand, and opportunity and social evaluation on the other. Some of the things a person does well bring him [or her] the satisfaction of the mastery or the approval of his [or her] companions, and result in interests. Some of the things his [or her] associates do appeal to him [or her] and, through identification, he [or she] patterns his [or her] actions and his [or her] interests after them; if he [or she] fits the pattern reasonably well

he [or she] remains in it, but if not, he [or she] must seek another identification and develop another self-concept and interest pattern.” (in Savickas & Spokane, 1999, p.23)

Holland (1973) gebruik die psigo-dinamika wanneer hy belangstellings definieer as:

...the expression of personality in work, hobbies, recreational activities, and preferences. (p.3).

Wanneer die aard van belangstellings onder die loep geneem word, blyk dit dat belangstellings as beide 'n psigologiese attribuut (algemene belangstellings as 'n persoonlikheidsdisposisie) sowel as 'n psigologiese staat (spesifieke belangstellings) manifesteer.

Belangstellings gesien as 'n psigologiese attribuut openbaar die volgende kwalitatiewe kenmerke (Savickas,1999):

- **Assosiasie (kognisie of herkenning)**
Dit beteken dat die individu die omgewing waarneem of raaksien en aandag daaraan gee - die omgewing kan 'n objek of 'n aktiwiteit insluit.
- **Eksistensiële ervaring (affeksie)**
Hierdie eksistensiële ervaring verwys na gevoel en in hierdie verband word dit beskryf as 'n potensiële aangename sensasie wanneer 'n objek of aktiwiteit waargeneem word in die omgewing.
- **Doelgerigtheid (strewe na)**
Doelgerigtheid verwys na beweging ná of weg van 'n objek. Alhoewel die stelling gemaak word dat belangstellings 'n gevoel is, moet in ag geneem word dat belangstellings doelgerigte toekomsvooruitsigte vir navolging of uitlewing van spesifieke aktiwiteite moet hê om werklik te kan verwys na beroepsbelangstellings. Doelgerigtheid is 'n belangrike fenomeen wanneer instrumente wat belangstellings meet ter sprake is. Sulke meetinstrumente moet eerder die doelgerigtheid (tellings dui aan watter rigting die individuele belangstellings toon) van belangstellings as wat dit die hoeveelheid belangstellings meet.

- **Funksioneel- of aktiwiteitsgerig**
 'n Gevoel rakende 'n onderwerp kan gewoonlik net staties wees, maar werklike belangstellings is dinamies en aktiewe gedrag word gewoonlik in hierdie verband openbaar. Aktiwiteitsgerigtheid verwys dus nie na hoé aandag getrek word nie, maar eerder na hoé word die aandag gehou en in watter rigting ontwikkel dit. Belangstellings kan dus gesien word as 'n aktiwiteit wat instrumenteel dien om 'n einddoel te bereik, byvoorbeeld die belangstellings wat 'n individu in mense toon en wat daartoe lei dat hy besluit om opleiding te ondergaan wat hom in staat stel om onderwys te gee. Die belangstellings is in hierdie geval dus funksioneel.

Belangstellings gesien as 'n psigologiese staat, verduidelik 'n individu se posisie in verhouding tot 'n enkele en spesifieke objek of aktiwiteit, soos om byvoorbeeld van aktiwiteite te hou wat verband hou met die herstel van motors. Meer waarneembare kenmerke van belangstellings (kwantitatiewe attribute) verwys onder andere na die volgende:

- Herhaling van belangstellings;
- Voortduur of kontinuering van belangstellings;
- Intensiteit van belangstellings; en
- Vestiging van 'n selfkonsep deur middel van belangstellings.

3.2.4 Ontwikkeling van belangstellings

Maar hoe ontstaan en ontwikkel belangstellings werklik? Navorsers het met behulp van hulle onderskeie teorieë ten opsigte van loopbaankeuses gepoog om die oorsprong en ontwikkeling van belangstellings as 'n persoonlikheidsdisposisie te verklaar. Dit blyk dat die volgende determinante onder meer ter sprake is in die debat rakende die oorsprong en ontwikkeling van belangstellings (Savickas, 1999):

- **Genetiese invloede**
 Heelwat studies is in hierdie verband gedoen, waarvan die mees resente dié van Gottfredson (1999) en Betsworth, Bourchard, Cooper, Grotevant, Hansen, Scarr en Weinberg (1994) is. Betsworth *et al.* het op grond van hul hersiening van verbandhoudende literatuur asook die resultate van hulle

eie studie tot die slotsom gekom dat 30% tot 50% variansie in belangstellings toegeskryf kan word aan genetiese faktore. Dit is dus duidelik dat oorerflikheid in 'n mate 'n invloed op die ontwikkeling van belangstellings kan hê.

- **Leerervarings**

Volgens verskeie navorsers leer individue belangstellings aan deur middel van versterking van gedrag en deur leerervaring. Belangstellings ontwikkel gewoonlik deurdat die suksesvolle demonstrasie van die gebruik van potensiaal, erken en beloon word.

- **Self-persepsie van eie aanleg**

Aanleg was een van die eerste veranderlikes wat bestudeer is in die soeke na determinante wat 'n invloed op die ontwikkeling van belangstellings kan hê. Die aanvanklike standpunte in dié verband was dat individue belangstel in aktiwiteite wat hulle goed kan doen en waarvoor hulle 'n inherente aanleg of vermoë toon. Deesdae word dit algemeen aanvaar dat aanleg verband hou met die sukses van 'n aktiwiteit, terwyl belangstellings meer verband hou met die aanvang en volharding van 'n aktiwiteit, sowel as die tevredenheid met die uitkoms ten opsigte van die aktiwiteit. Barak het in 1981 in 'n studie tot die gevolgtrekking gekom dat werklike vermoëns nie verband hou met belangstelling nie, maar eerder individue se eie persepsies van hulle vermoëns. Lent, Brown en Hackett (1994) het verklaar dat individue belangstellings in aktiwiteite ontwikkel waarin hulle self glo hulle effektief en suksesvol is.

- **Idenifikasie met toepaslike rolmodelle**

Gedurende die vroeë kinderjare en adolessensie kies individue rolmodelle (meestal ouers of ander belangrike volwasse figure in hulle lewe) wat hulle fyn waarneem. Na die aanvanlike waarneming gaan die individu gewoonlik 'n fase in waarin hy fantaseer en homself in die skoene van die rolmodel probeer voorstel. Daarna poog hy om die rolmodel na te boots in die werlike lewe met betrekking tot aktiwiteite en belangstellings. Sommige van hierdie belangstellings beskik dan oor die moontlikheid om deel te word

van die individu se selfkonsep. Hierdie standpunt weerspieël veral Super se mening dat belangstellings die implementering van die selfkonsep is.

- **Sosiale rolle**

Volgens Gottfredson (1996) is loopbaanaspirasies een van die metodes wat individue aanwend om hulself deel te maak van die breë sosiale raamwerk. Dit verwys ook na die implementering van die selfkonsep in 'n sosiale omgewing of orde wat die individu as aanvaarbaar beskou en waarvan hy graag deel wil wees. Hierdie standpunt illustreer dan ook die belangrikheid van belangstellings en werksaktiwiteite in die lewe van die meeste individue. Sodoende verkry individue 'n sosiale ruimte vir hulleself wat hulle aanvaarbaar maak in die breë sosiale opset. As in ag geneem word hoeveel jare van die meeste individue se lewens aan werksaktiwiteite bestee word, is dit verstaanbaar dat die uitlewing van sosiale rolle in hierdie verband baie belangrik is.

- **Uitdrukking van persoonlikheid**

Indien belangstellings as 'n dimensie van persoonlikheid gesien word, word die argument aangevoer dat belangstellings gevolglik waardes en ander persoonlikheidsdimensies in 'n werksomgewing reflekteer. Individue ontwikkel sekere persoonlikheidstreke wat uitdrukking vind wanneer hulle voor die keuse gestel word van sekere aktiwiteite. Hulle toon dan ook 'n voorkeur vir die werksaktiwiteite waar hulle die beste uitdrukking aan hulle persoonlikhede kan gee. Sommige navorsers (Holland, 1973, 1985) maak dan ook op grond van hierdie standpunt die stelling dat belangstellingsvraelyste eintlik persoonlikheidsvraelyste is.

3.3 STRUKTUUR VAN BELANGSTELLINGS

Die struktuur van belangstellings het 'n betekenisvolle konsep geword, aangesien individue belangrike besluite neem op grond van die resultate van belangstellingsvraelyste wat aan sekere modelle gekoppel is. Dit is dus logies dat navorsers oor die jare heen baie aandag aan die struktuur van belangstellings gegee het. Parsons se voorstelling van 'n drieledige model vir die keuse van 'n beroep kan seker as die basis van die struktuur van belangstellings voorgehou word.

Een van die eerste studies wat spesifiek op belangstellings en die struktuur van belangstellings gefokus het, is dié van Thorndike (1963) waarin belangstellings met aanleg gekorreleer is. Baanbrekerswerk wat onder andere deur Strong (1943) en Thurstone (1931) gedoen is met die ontwikkeling van belangstellingsvraelyste, het daartoe gelei dat hierdie inligting in beroepsbesluitneming gebruik kon word.

Thurstone (1931) was een van die eerste navorsers wat faktorontleding met die Strong Vocational Interest Blank (SVIB) gedoen het en die volgende vier faktore is geïdentifiseer, naamlik Wetenskap, Mense, Taal en Besigheid. Strong het dieselfde resultate verkry met die byvoeging van 'n bipolarêre faktor, naamlik Dinge teenoor Mense. Hy het ook die faktor Besigheid verdeel in Sisteem en Kontak. Cottle (1950) het die Kuder Preference Record, Bell Adjustment Inventory en Minnesota Multiphasic Personality Inventory ontleed en bevind dat die faktore wat met behulp van faktorontleding verkry is, ooreenstem met die resultate wat deur Thurstone en Strong verkry is.

Super en Crites (1962) het ook 'n samevattende ontleding van faktore gedoen en agt dimensies van belangstellings geïdentifiseer, naamlik Wetenskap, Sosiale Welsyn, Linguïsties, Konkrete, Sistematiese, Kontak en Estetiese.

Die wyse waarop voorligters die struktuur van belangstellings beskou, beïnvloed noodwendig hulle interpretasie van die individu se belangstellingsvraelysresultate (Gati, 1991; Tracey & Rounds, 1993). Die struktuur van belangstellings het gevolglik nie net implikasies vir beroepskeuse teorieë nie, maar ook vir die praktiese implementering daarvan in die loopbaanvoorligtingsproses.

Volgens Hansen (1984) het die studie van die struktuur van belangstellings drie funksies ten opsigte van die meting van belangstellings, naamlik:

- Die verfyning van bestaande vraelyste;
- Die ontwikkeling van nuwe vraelyste; en
- Die versameling van konstruktiewe vraelyste om sodoende sielkundige trekke te kan identifiseer wat na vore kom met behulp van belangstellingsmeting.

Alhoewel die meeste navorsers saamstem dat die struktuur van belangstellings wel belangrik is, word verskeie strukture aangetref. Strukturele modelle waarop die meeste gefokus word, is die van Holland, Roe, Gati, Lunneborg en Prediger (Tracey & Rounds, 1993). Die mees resente navorsing rakende die struktuur van belangstellings, blyk die werk van Tracey & Rounds te wees (1996) waar die struktuur van belangstellings as 'n sferiese model voorgestel word.

Die modelle ten opsigte van die struktuur van belangstellings sal vervolgens bespreek word, naamlik die modelle van Roe, Lunneborg & Lunneborg, Prediger, Gati, Holland, en laastens die alternatiewe drie-verdelings- en sferiese modelle van Tracey en Rounds.

Modelle wat poog om die struktuur van belangstellings te verklaar, is altyd slegs skattings of benaderings - geen model kan volmaak wees nie. Die waarde van sekere strukturele modelle lê daarin dat dit prakties aangewend kan word en op 'n sinvolle manier inligting aan die individu rakende belangstellings en beroepe kan oordra.



3.4 MODELLE VIR DIE STRUKTUUR VAN BELANGSTELLINGS

3.4.1 Roe

Ann Roe (1956) stel 'n silindriese klassifikasie van beroepe voor wat uit agt beroepsvelde, naamlik Diens, Besigheidskontak, Organisasie, Tegnologie, Buitenshuis, Wetenskap, Algemene Kultuur, en Kuns en Ontspanning bestaan. Vervolgens word vir elke veld ses onafhanklike vlakke van verantwoordelikheid en vaardighede wat in 'n beroep ter sprake is, aangedui. Die verband tussen die velde kan voorgestel word deur 'n sirkelvormige rangskikking daarvan. Die velde wat die naaste aanmekaar op die sirkel lê, het die meeste in gemeen. Empiriese ondersteuning vir Roe se sirkelvormige ordening van belangstellingsvelde op verskillende vraelyste het nie altyd positiewe resultate opgelewer nie (Lunneborg & Lunneborg, 1975; Meir, 1973; Meir & Ben Yehuda, 1976). Tracey en Rounds (1994) merk gevolglik op dat Roe se klassifikasie van beroepe dalk groot

ontdekkingswaarde mag hê, maar dat die geldigheid van die sirkelvormige ordening soos wat dit van toepassing op die struktuur van belangtellings is, bevraagteken word.

As gevolg van die feit dat navorsingresultate nie die sirkelvormige ordening van Roe se klassifikasie kon ondersteun nie, het dit tot gevolg gehad dat 'n verskeidenheid van alternatiewe modelle wat verskillende verwantskappe ten opsigte van die genoemde klassifikasie voorstel, die lig gesien het. Vier van die belangrikste alternatiewe voorstellings van Roe se klassifikasie is dié van Meir (1973), Knapp en Knapp (in Tracey & Rounds, 1994), Gati (1991) en Lunneborg en Lunneborg (1975; 1978).

Verskeie pogings is ook al aangewend om die ooreenkomste tussen die ruimtelike voorstellings van Roe en Holland se modelle te bevestig. Ten spyte van die feit dat Holland self beweer het dat Roe se ordening *similar if not identical* (1973, p.81) met sy model is, blyk dit dat Roe se model verskillende belangstellingsvelde en metodes vir die meting van hierdie velde beskryf (Rounds & Zevon, 1983).

Lunneborg en Lunneborg (1978) het in teenstelling met modelle wat sirkelvormige ordening van belangstellingsfaktore impliseer, voorgestel dat Roe se velde die beste beskryf word met behulp van 'n vier-faktormodel. Hierdie model bestaan uit drie bipolêre faktore, naamlik Besigheidskontak versus Wetenskap; Organisasie versus Buitenshuis; Diens versus Tegnie en een enkelpolêre faktor, naamlik Artisties en Vermaak.

Die Vocational Interest Inventory (VII) wat in 1970 die lig gesien het, blyk die enigste instrument te wees wat op Roe se groeperings gebaseer is.

3.4.2 Prediger

Prediger se model skyn een van die goeie voorbeelde van 'n faktormodel of -benadering te wees teenoor Holland se heksagonale model. Prediger (1981) stel 'n drie-faktormodel voor vir die verklaring van die R-I-A-S-E-C ordening. Hierdie model bestaan uit twee bipolêre dimensies, Mense versus Dinge en Data versus Idees,

asook 'n algemene (G) faktor. Die eerste faktor wat in 'n faktorbenadering onttrek word, word gewoonlik beskryf as 'n algemene faktor. Prediger het in 'n studie met 24 R-I-A-S-E-C korrelasie matrikse bevind dat die algemene faktor meer as 41% van die variansie verklaar terwyl die Data-Dinge en Idees-Mense dimensies slegs 36% variansie verklaar het. Alhoewel die algemene faktor in die faktorstruktuur teenwoordig is, is die betekenis daarvan nie altyd baie duidelik nie. Prediger was die mening toegedaan dat dit aan responsvooroordeel te wyte was, maar ander navorsers het verder gespekuleer dat dit ook beskryf kan word as 'n algemene voorkeur, byvoorbeeld 'n algemene responsneiging om 'n algehele voorkeur of algehele afkeur aan te dui (Tracey & Rounds, 1993). Stewart (1960) het daarop gewys dat individue wat geneig is om positief op die meeste items in 'n belangstellingsvraelys te reageer, beskryf kan word as entoesiasties, dominerend, sosiaal en opgewek. Daarenteen word individue wat geneig is om negatief op die meeste items in 'n belangstellingsvraelys te reageer, as versigtig, sinies, depressief en buierig beskryf.

Prediger (1976) het nadat hy vroeëre navorsing geïdentifiseer het wat die Data-Idees en Mense-Dinge dimensies ondersteun, 'n empiries ondersteunde World-of-Work-Map voorstelling gemaak. Hierdie World-of-Work-Map het die verspreiding van 25 beroepsfamilies op die Data-Idees en Mense-Dinge dimensies voorgestel. Prediger se "kaart" is later hersien en in die American College Testing Career Planning Programme ingesluit.

Prediger (1982) het bevind dat die Data-Idees en Mense-Dinge dimensies 'n effektiewe manier is om Holland se tipes, soos deur verskeie instrumente gemeet, saam te vat. Tracey en Rounds (1993) het dit in 'n studie ondersteun waar hulle bevind het dat die drie-faktormodel 'n aanvaarbare passing van die R-I-A-S-E-C verhoudings voorstel.

Die verskil tussen Holland en Prediger se model lê daarin dat eersgenoemde eerder op die plasing van tipes gefokus het, terwyl laasgenoemde op die aard van die dimensies gekonsentreer het. Dawis (1992) wys ook daarop dat Holland se R-I-A-S-E-C heksagoon oorheensliggend is op 'n twee dimensionele voorstelling soos deur

Prediger voorgedou. Die tweedimensionele voorstelling is volgens Dawis genoegsaam vir die definiëring van belangstellings soos deur verskeie eietydse belangstellingsvraelyste gemeet.

Alhoewel Prediger se struktuur dalk nie voorspellings kan genereer nie, lewer dit egter 'n groot bydra tot die praktiese voorstelling van byvoorbeeld beroepe op die Data-Idees en Mense-Dinge dimensies (Prediger & Vansickle, 1992a). Hierdie tweedimensionele voorstelling van beroepe op 'n kaart blyk verder 'n goeie hulpmiddel vir loopbaanvoorigters in die praktyk te wees (Dawis, 1992).

3.4.3 Gati se hiërargiese model

Navorsing wat gedoen is rakende die struktuur van belangstellings (veral op Roe en Holland se modelle) en die gepaardgaande onbevredigende resultate in die sewentigerjare (Rounds Davison & Dawis, 1979; Rounds & Dawis, 1979; Rounds, Shubsachs, Dawis & Lofquist, 1978) ten opsigte van die verband tussen belangstellingsteorieë en data, het daartoe aanleiding gegee dat Gati sy hiërargiese model voorgestel het.

Gati (1991) het 'n hiërargiese boomstruktuur, wat ontwikkel is op grond van trosontleding, voorgestel. Volgens sy model blyk dit dat velde wat tot dieselfde groepies of trosse behoort, groter ooreenkomste toon as velde in verskillende groepies. Sy model is gebaseer op die volgende aannames, naamlik:

- Individue neem beroepe waar ten opsigte van die attribute of eienskappe wat dit beskryf, soos byvoorbeeld om binnenshuis te werk;
- Die waargenome ooreenkoms tussen beroepe neem toe met die byvoeging van algemene aspekte en die weglating van onderskeidende eienskappe (eienskappe wat een beroep beskryf maar nie 'n ander nie);
- Die waargenome ooreenkoms tussen beroepe kan deur 'n hiërargiese boomstruktuur voorgestel word; en
- Die struktuur van beroepsbelangstellings is versoenbaar met hierdie hiërargiese struktuur.

Gati maak die aanname dat die waargenome kenmerke van beroepe voorgestel kan word deur middel van 'n matriks met beroepe en hul eienskappe. Hy wys daarop dat mense die aanvanklike eienskappe wat beroepe beskryf verskillend waarneem. Daarenteen word die trossies of bondeltjies wat deur die verskillende eienskappe gevorm word egter op dieselfde wyse waargeneem (Benyamini & Gati, 1987). Elkeen van hierdie trossies wat tipiese eienskappe huisves, beskryf op hulle beurt dieselfde soort beroepe - dit word ook dikwels velde genoem. Gati stel voor dat die sogenaamde velde se struktuur hiërargies uitgebeeld word ten einde 'n sinvolle voorstelling te weerspieël.

Die hiërargiese model orden gevolglik die klassifikasie van beroepe of belangstellings in verskeie hiërargiese vlakke. Op die hoogste vlak word belangstellings in twee hoofgroepe verdeel, naamlik *soft science* en *hard science* (Gati, 1979). Hierdie verdeling stem ooreen met Roe (1956) se onderskeid tussen oriëntasie tot ander versus geen oriëntasie tot ander. Elk van hierdie twee verdelings word weer verder in kleiner groepies verdeel, wat op hulle beurt in verskillende velde verdeel. Elke veld kan weer op sy beurt in verskillende beroepe verdeel. Gati (1979) het hierdie model van hom onder andere op Holland se model getoets en die volgende drie groepies geïdentifiseer, naamlik RI, AS en EC. Die hoeveelheid vlakke met verskillende groepies is egter baie meer ten opsigte van Roe se model, aangesien haar model meer velde as dié van Holland beskryf.

Gati (1991) het na 'n vergelykende studie op Holland en sy strukturele modelle die afleiding gemaak dat sy eie model beter is as dié van Holland. Rounds en Tracey (1993) het egter na 'n meta-ontleding van bestaande studies op die R-I-A-S-E-C struktuur tot die teenoorgestelde slotsom gekom. Hulle het bevind dat Holland se model op daardie tydstip genoegsaam verteenwoordigend was vir die struktuur van belangstellings.

3.4.4 Holland se heksagonale model

Die volledige model van Holland is reeds in Hoofstuk 2 beskryf. In hierdie gedeelte word slegs verwys na die struktuur van belangstellings en gevolglik word daar slegs aandag gegee aan die heksagonale voorstelling van belangstellings.

Soos vroeër genoem, het Holland se werk (1973, 1985) die eerste model geskep wat dit vergemaklik om die verband tussen belangstellings en beroepe te verstaan. Sy strukturele model kan seker tot op die huidige tyd as die mees invloedryke beskou word (Borgen, 1991).

Sedert die *ontdekking* in 1973 van die statistiese struktuur onderliggend aan belangstellingsvraelyste wat deur Holland ontwikkel is, het sy werk aanleiding daartoe gegee dat verskeie navorsers die veralgemeenbaarheid van sy voorgestelde struktuur ondersoek het. Sedert 1992 het 'n reeks artikels van Tracey en Rounds (Rounds & Tracey, 1993; 1996; Tracey & Rounds, 1992; 1993; 1995) verskyn waarin die resultate van vorige studies rakende die struktuur van belangstellings weergegee word. Hierdie studies is met behulp van meta-ontledings gedoen. Alhoewel hierdie werk van Tracey en Rounds baie tegnies van aard is, word dit as fundamenteel beskou vir die begrip van en insig in die struktuur van belangstellings.

Volgens Holland se strukturele hipotese word ses tipes, naamlik R (Realisties), I (Ondersoekend), A (Artisties), S (Sosiaal), E (Ondernemend) en C (Konvensioneel) met behulp van 'n sirkelvormige ordening of plasing gevind. Die afstande tussen die tipes verklaar die ooreenkoms tussen hulle. Volgens hierdie voorstelling behoort die korrelasie tussen die tipes wat naasliggend is, groter te wees as die tipes wat afwisselend en teenoorstaande geleë is.

Holland se struktuur word volgens twee dimensies beskryf. Die eerste is 'n sirkelvormige ordening wat deur verskeie navorsers se studies ondersteun is (Hansen, Collins, Swanson & Fouad, 1993; Khan, Alvi & Kirkwood, 1990; Prediger, 1982; Prediger, Swaney & Mau, 1993; Rounds & Tracey, 1993; Rounds & Zevon,

1983). Die tweede voorstelling is 'n uitbreiding van die sirkelvormige ordening en reflekteer dus die bekende heksagoon (Tracey & Rounds, 1993). Die heksagonale voorstelling van die struktuur blyk 'n sterker weergawe van die aanvanklike sirkelvormige ordening te wees, aangesien verbande tussen die tipes hiervolgens voorspel kan word. Volgens hierdie voorstelling behoort die korrelasie tussen die tipes wat naasliggend is, groter te wees as die tipes wat afwisselend en teenoorstaande geleë is.

Die afgelope paar jaar is die veralgemeenbaarheid van Holland se model veral deur kruiskulturele studies uitgedaag (Haverkamp, Collins & Hansen, 1994; Tracey & Rounds, 1993; Glidden-Tracey & Parraga, 1996). Rounds en Tracey (1996) het ook onlangs minder kruiskulturele ondersteuning vir die heksagonale voorstelling van belangstellings gevind met 'n meta-ontleding van korrelasiematrikse van verskeie lande. Navorsing oor die struktuur van belangstellings in 'n kruis-kulturele opset word in afdeling 3.5 bespreek.

3.4.5 Die sferiese model van Tracey en Rounds

Tracey en Rounds het gedurende die 1990's baie kreatiewe en stimulerende navorsing rakende belangstellings en die meting daarvan gelewer. Belangrike teoretiese vraagstukke oor die struktuur van belangstellings is onder andere met behulp van hul bekende meta-ontledings aangespreek en ondersoek (Rounds & Tracey, 1993; Tracey & Rounds, 1993; 1994).

Die mees resente studie rakende die struktuur van belangstellings deur Tracey en Rounds is in 1996 gepubliseer. Hierin stel hulle 'n sferiese model van beroepsbelangstellings voor wat as 'n verlenging van Holland se R-I-A-S-E-C struktuur dien. Na aanleiding van die sferiese studies is 'n *prestige* dimensie geïdentifiseer wat ortogonaal is ten opsigte van die tweedimensionele struktuur van Prediger (1992), wat onderliggend blyk te wees aan die R-I-A-S-E-C ordening. Tracey en Rounds beweer dat wanneer belangstellings driedimensioneel beskou word, 'n sfeer ontstaan. Hierdie sfeer impliseer dat daar ander belangstellingsvelde of tipes, afgesien van R-I-A-S-E-C, mag bestaan. Hulle het reeds vroeër bevind dat

beroepsbelangstellings 'n uniforme verspeiding op 'n sirkel toon en dat die hoeveelheid skale of velde slegs 'n gemaksopsie is. Die ses R-I-A-S-E-C velde is slegs een van baie konfigurasies wat by 'n sirkelordening pas (Tracey & Rounds, 1995). Die sfeer kan volgens hulle die beste gekonseptualiseer word as 'n *occupational interest globe*.

Die konsep, prestige, met spesifieke verwysing na die beroepswêreld, is 'n konsep wat reeds wye aandag geniet het en manifesteer in verskeie begrippe soos onder andere status, sosio-ekonomiese status, vlak van opleiding en beroepsvlak. Die veranderlikes onderliggend aan hierdie begrippe toon noue ooreenkomste (Gottfredson, 1980; Roe, 1956). Alhoewel prestige 'n konsep is wat algemeen in die loopbaansielkunde ter sprake kom, probeer Tracey en Rounds (1996) die afwesigheid van 'n prestige komponent spesifiek in belangtellingsdata verklaar. Een van die moontlikhede is dat prestige gewoonlik tipies as 'n aspek van waardes, in plaas van belangstellings, beskou word. Vroeër is verwys na die ooreenkomste en verskille tussen waardes en belangstellings en die gevaarlike verwarring wat moontlik kan ontstaan. 'n Verdere rede wat verskaf word, is die moontlike onvermoë van modelle van belangstellings wat nie suksesvol skyn te wees om 'n breë spektrum van beroepe en items met verskillende prestige vlakke in belangstellingsmeting, te akkommodeer nie. Tracey en Rounds (1996) gebruik volgens hulself 'n wye spektrum van prestige items (spesifiek beroepsvoorkeure) in 'n poging om sodoende hierdie dimensie genoegsaam in belangstellingsmeting weer te gee.

Soos vermeld, het verskeie navorsers aangetoon dat Holland se R-I-A-S-E-C tipes op 'n tweedimensionele ruimte voorgestel kan word (Prediger, 1982; Prediger & Vansickle, 1992; Rounds & Tracey, 1993). Tracey en Rounds (1996) wys daarop dat na aanleiding van die identifisering van die bestaan van die aspek, prestige, in beroepsvoorkeurdata, daar voorsiening gemaak moet word vir 'n derde dimensie. Volgens hulle word die driedimensionaliteit van die struktuur van belangstellings die beste deur 'n sfeer voorgestel. Die sferiese model impliseer verder dat die variasie in die verhoudings tussen die R-I-A-S-E-C skale 'n funksie van die prestige dimensie sal wees. Indien belangstellings dus wel 'n sferiese vorm aanneem, sal dit tot gevolg

hê dat verskillende R-I-A-S-E-C profiele verkry sal word indien meting op verskillende prestige vlakke plaasvind.

Volgens Tracey en Rounds (1996) impliseer die teenwoordigheid van 'n sfeer ook die moontlikheid dat daar 'n uitbreiding van die R-I-A-S-E-C tipes mag voorkom. Hulle redeneer dat alhoewel die R- en S-tipe duidelik deur die Mense-Dinge dimensie gedefinieer word, daar nie duidelikheid bestaan oor die definiëring van tipes deur die Data-Idees dimensie nie. Die E- en C-tipe dra min of meer gelyk by tot die verklaring van Data, terwyl die A- en I-tipe min of meer dieselfde bydrae lewer tot die verklaring van Idees. Volgens hulle kan 'n model met agt tipes moontlik 'n duideliker voorstelling bied. Vier van die tipes sal voorbeelde wees van Mense, Dinge, Idees en Data, terwyl die orige vier voorgestel sal word as Mense-Idees, Mense-Data, Dinge-Idees en Dinge-Data. Tracey en Rounds wys daarop dat die agt tipes nie noodwendig beter as die bekende ses tipes sal wees nie en dat dit bloot op 'n arbitrêre wyse geselekteer is.

Die sfeer kan volgens hulle die beste voorgestel word as 'n *occupational interest globe* (Tracey & Rounds, 1996). Die prestige dimensie word telkens die beste voorgestel beide deur die noordpool en suidpool van die sfeer. Die tradisionele R-I-A-S-E-C voorstelling sal op die ewenaar lê waar die grootste verskille tussen die tipes dan ook opgemerk word. Die differensiasie tussen die verskillende tipes word al hoe kleiner nader aan die pole, wat impliseer dat belangstellings minder gedifferensieer is wanneer hoë en lae prestige ter sprake is. Harmon (1996) verskil ten opsigte van hierdie aspek van Tracey en Rounds en wys daarop dat indien voorafgenoemde wel geldig is, dit beteken dat persone op 'n hoë prestige vlak keuses maak net ter wille van prestige op sigself en geen ander veranderlike, soos byvoorbeeld belangstellings, in ag neem nie.

Hierdie voorstelling van 'n sferiese model het baie reaksie en kritiek ontlok. Borgen en Donnay (1996) is die mening toegedaan dat die sferiese model nie gereed is om die model van Holland te verdring nie. Hulle redeneer dat daar wel ruimte vir 'n derde hoofdimensie in die onderskeie bestaande modelle mag wees, maar dat Tracey en Rounds se navorsing hulle nie oortuig dat dit noodwendig as prestige

gedefinieër moet word nie. Daarenteen aanvaar Harmon (1996) die bestaan van so 'n prestige dimensie. Dit word verder bevestig deur vorige navorsing wat in die verband onder andere deur Holt (1989) gedoen is.

Prediger (1996) wys daarop dat Tracey en Rounds se studie na werkswaardes eerder as belangstellings verwys. Dit is te wyte aan die feit dat hulle van beroepstitels gebruik gemaak het. Volgens sekere navorsers (Dawis, 1991; Zytowski, 1970) verwys beroepstitels na ekstrinsieke belangstellings, wat weer as werkwaardes gedefinieer kan word. Prediger (1996) toon verder ook aan dat Tracey en Rounds se beskrywing van 'n sfeer nie oorspronklik is nie. Die oorspronklike beskrywing van belangstellings op 'n kontinuum eerder as om net afsonderlik na ses tipes te verwys, blyk volgens Prediger een van die belangrikste bydraes van Tracey en Rounds se studie te wees. Volgens Hansen (1996) het die voorstelling van Tracey en Rounds teoretiese waarde, maar is dit te ingewikkeld om dit sinvol in die loopbaanvoorligtingspraktyk aan te wend.

Prediger (1996) is die mening toegedaan dat Tracey en Rounds se werk dalk goeie moontlikhede vir vooruitgang in die loopbaansielkunde inhou sedert die afgelope *Holyhex* tydperk (Prediger & Vansickle, 1992b) – die tydperk waartydens Holland se heksagonale model primêr op die voorgrond was. Daar word verwag dat heelwat navorsing in dié verband nog vorendag gaan kom.

Ten slotte moet daarop gelet word dat Tracey en Rounds (1996) se studie op twee verskillende steekproewe in beide gevalle dieselfde resultate behaal het, wat volgens hulle moontlik kan lei tot die veralgemening van so 'n sferiese voorstelling van beroepsbelangstellings.

Primêr impliseer hulle studie dan ook dat 'n ander moontlikheid vir die struktuur of beskouing van belangstellings wel kan voorkom, en die meting van individuele verskille in belangstellingspatrone onvolledig mag wees as die prestige dimensie nie in ag geneem word nie. Hulle stel dit eger baie onomwonde dat hulle slegs 'n model voorstel waaroor besin moet word.

3.5 DIE RELEVANSIE VAN EN NAVORSING OOR DIE STRUKTUUR VAN BELANGSTELLINGS IN 'N KRUIS-KULTURELE OPSET

Aangesien die struktuur van belangstellings soos deur Holland voorgestel die wydste gebruik en nagevors word, sal daar in hierdie gedeelte slegs daarop gekonsentreer word. Meeste van die navorsing wat op die heksagonale voorstelling van Holland se model gedoen is, is gegrond op wit Amerikaners wat aanleiding gegee het tot die algemene aanvaarding en ondersteuning van veral die sirkelvormige ordening van die ses tipes (Prediger, 1982; Rounds & Tracey 1993, Rounds & Zevon, 1983). 'n Meta-ontleding deur Tracey en Rounds (1993) van sestig R-I-A-S-E-C korrelasiematrikse van oorwegend wit Amerikaanse data, het beide die sirkelvormige ordening én die kalkulus (heksagonale) aanname ondersteun.

Die wydverspreide aanvaarding van Holland se model in Amerika het tot gevolg gehad dat sy teorie en meetinstrumente ook deur ander kulture aangeneem en gebruik is. Dit het daartoe gelei dat daar die afgelope paar jaar prominente aandag aan die kruis-kulturele toepaslikheid van Holland se model gegee is.

Aanvanklik het sommige van die kruis-kulturele studies die universaliteit van Holland se voorstelling van die struktuur van belangstellings bevestig. Sekere navorsing het veral die sirkelvormige ordening van die R-I-A-S-E-C tipes ondersteun. Fouad en Dancer (1992b) het in 'n studie met Amerikaanse en Mexikaanse manlike ingenieurstudente en professionele ingenieurs bevind dat die sirkelvormige ordening van die R-I-A-S-E-C tipes wel by beide kultuurgroepe voorkom. Die data kon egter nie bevestiging vir die gelykmatige heksagonale struktuur vind nie. Die feit dat die data slegs een beroep verteenwoordig het, is een van die verklarings wat aangevoer word vir die voorkoms van 'n misvormde heksagoon. Swanson (1992b) het ook die kruis-kulturele bestaan van die sirkelvormige ordening van die R-I-A-S-E-C tipes in 'n studie met Afro-Amerikaanse manlike studente bevestig. Die manlike respondente se konfigurasie, in teenstelling met dié van die vroulike respondente, het egter nie met die heksagonale struktuur soos deur Holland voorgestel, ooreengestem nie. Ryan, Tracey en Rounds (1996) se navorsing met Afro-Amerikaanse en Wit sekondêre skoolleerlinge het geen verskille ten opsigte van die sirkelvormige struktuur van belangstellings aangetoon nie. Vroeëre navorsing ten opsigte van die

toepaslikheid van Holland se model vir Afro- Amerikaanse studente (Yom, Doughtie, Chang, Alston & Wakefield, 1975), Spaans-Amerikaanse steekproewe (Fouad, Cudeck & Hansen, 1984) en inheemse Amerikaners (Scott & Anadon, 1980) was ook meeste van die tyd positief. Yom *et al.* (1975) het in 'n studie met Wit en Afro- Amerikaanse studente tot die gevolgtrekking gekom dat die onderliggende faktorstruktuur van die Vocational Preference Inventory (VPI) baie ooreenkomste toon.

Feldman en Meir (1976) het met 'n studie in Israel die Hebrew Interest Inventory (gebaseer op Holland se SDS) op vroulike respondente toegepas. Die resultate het wel 'n sirkelvormige ordening voorgestel, maar die ordening van die R-I-A-S-E-C tipes het van die norm afgewyk. Jin (1986) het die SDS in Chinees vertaal en dit in 'n ondersoek met 1000 Taiwaneese studente gebruik. Resultate van hierdie ondersoek het aangetoon dat die heksagonale voorstelling nie ooreengestem het met Holland se postulasie nie. Alhoewel Ferreira en Hood (1995) die geldigheid van Holland se belangstellingsdimensies vir Portugese leerlinge en studente rapporteer, kon hulle nie bewyse vir 'n gelykmatige voorstelling van die heksagonale model vind nie. Harrington en O'Shea (1980) het in 'n studie met Spaanssprekende persone (Spaanse vertaling van die Harrington/O'Shea Career Decision Making (CDM) is gebruik) bevind dat die R-I-A-S-E-C ordening wel ooreenstem soos deur Holland gepostuleer. Geen gegewens oor die heksagonale struktuur is verskaf nie.

Ander kruis-kulturele studies het die veralgemeenbaarheid van die model meer bevraagteken. Haverkamp, Collins en Hansen (1994) het in 'n studie met Asiër- Amerikaanse studente bevind dat alhoewel die sirkelvormigheid wel in 'n mate teenwoordig was, die gepostuleerde ordening verskil het. Hulle kon ook nie aanduidings van 'n heksagonale struktuur vind nie. Glidden-Tracey en Parraga (1996) se navorsing met studente uit Bolivia het aangedui dat Holland se model nie die struktuur van belangstellings vir hierdie groep verteenwoordig, verklaar nie. Daar was ook nie 'n goeie aanduiding van die sirkelvormige ordening wat by ander groepe opgemerk word nie. Die navorsers waarsku vervolgens teen die veralgemening van die teorie oor kulture heen.

Rounds en Tracey (1996) het met behulp van 'n meta-ontleding van 96 korrelasie-matrise afkomstig van data van Amerikaanse etniese groepe (Afro-Amerikaners, Hispaniese Amerikaners en Inheemse Amerikaners) én etniese groepe uit ander lande die toepaslikheid van die volgende modelle ondersoek, naamlik die sirkelvormige ordening van Holland, Gati se drieledige verdeling en 'n alternatiewe drie-groep verdeling. Die resultate het daarop gedui dat nie een van die drie modelle geskik was om die gelykmatigheid van die struktuur van belangstellings oor kulture heen voor te stel nie. Die volgende redes is onder meer aangevoer vir die swak passing van Holland se model vir die Amerikaanse etniese groepe, naamlik diskriminasie, armoede en beperkte opvoedkundige en beroepsmoontlikhede. Daarteenoor het Ryan, Tracey en Rounds (1996) bevind dat Holland se sirkelvormige voorstelling Afro-Amerikaanse studente met lae sosio-ekonomiese omstandighede beter gepas het as 'n groep Afro-Amerikaanse en Wit studente met hoë sosio-ekonomiese omstandighede. Die negatiewe resultate ten opsigte van die struktuur van belangstellings vir Kanada en Australië het die navorsers verbaas, aangesien hierdie lande veronderstel is om groot ooreenkomste met Amerika te toon betreffende hulle ekonomiese en beroepstrukture.



Die gebruik van Holland se teoretiese model het die afgelope dekade ook baie sterk in Suid-Afrika gefigureer. Die vernaamste redes vir die aanvaarding van hierdie model vir gebruik in Suid-Afrika blyk onder meer die volgende te wees:

- Die gebrek aan 'n eie inheemse raamwerk of teoretiese model;
- Die praktiese bruikbaarheid van maklike konsepte van die model en die beskikbaarheid van praktiese en eenvoudige verbandhoudende meetinstrumente; en
- Die afwesigheid van toepaslike kultuurvrye gestandaardiseerde Suid-Afrikaanse psigometriese instrumente.

Die aangepaste Suid-Afrikaanse weergawe van die Self-Directed Search (SDS) is seker dié voorbeeld van 'n psigometriese instrument wat bykans die meeste gebruik is in loopbaanvoorrigting. Twee voorbeelde van groot RGN-projekte waar hierdie

instrument ingesluit is, is onder meer 'n afstandsloupaanvoorligtingsprogram waar meer as honderdduisend Swart graad 12-leerders betrokke was, sowel as 'n keuringsprogram vir oorwegend Swart voornemende verpleegkundiges en onderwysers (ongeveer 200000).

Alhoewel Holland se model dus oor die algemeen redelik wyd aanvaar en gebruik is in Suid-Afrika die afgelope tien tot vyftien jaar, is daar eers redelik onlangs aanduidings van pogings om die struktuur van belangstellings soos deur Holland voorgestel, te ondersoek. Die noodsaak vir navorsing oor die struktuur van belangstellings in Suid-Afrika is veral beklemtoon deur studies ten opsigte van die beroepsvolwassenheid van verskillende kultuurgroepe (Hickson & White, 1989; Reid-Van Niekerk & Van Niekerk, 1990; Watson, Stead & de Jager, 1995). Meeste van die resultate het aangetoon dat Swart adolessente minder beroepsvolwasse as wit adolessente is.

Du Toit (1988) het in 'n ondersoek met bykans sesduisend swart graad 12-leerders van die voormalige Lebowa en Gazankulu, wel ondersteuning vir die R-I-A-S-E-C ordening gevind. Die resultate het min of meer 'n sirkelvormige voorkoms gehad, maar geen bevestiging vir die gelykmatige heksagonale struktuur is gevind nie. Gevers, Du Toit en Harillal (1992) het met 'n studie van onderskeidelik Sotho-, Nguni-, Afrikaans- en Engelssprekende graad 9- en 11-leerders ook die R-I-A-S-E-C ordening bevestig. Weer eens was daar net aanduidings van die sogenaamde *misshapened polygons*.

Wheeler (1992) het in 'n studie met swart graad 12-leerders waar die Suid-Afrikaanse SDS gebruik is, deur middel van fasetontleding bevind dat die korrekte R-I-A-S-E-C ordening nie voorgekom het nie. Die belangrikste afwyking was die Artistiese (A) komponent wat sterker met die C- en E-velde gekorreleer het. Die ordening wat in hierdie ondersoek verkry was, was R-I-S-E-A-C. Van der Walt (1994) het bevind dat die struktuur van belangstellings vir 'n groep oorwegend wit volwassenes, oor die algemeen met Holland se voorstelling ooreengestem het.

Watson, Foxcroft, Horn en Stead (1997) het besorgdheid geopper oor die moontlikheid dat die meeste studies in Suid-Afrika tot dusver nagelaat het om meer verbeterde statistiese prosedures in vergelyking met internasionale studies, te gebruik. In 'n studie wat deur hulle onderneem is om die struktuur van belangstellings vir 'n groep agtergeblewe Swartes (oor geslag en sosio-ekonomiese status heen) te bepaal, het hulle die Career Decision-Making System (CDM) toegepas. Watson *et al.* (1997) het die statistiese tegnieke soos deur Myers (1996) voorgestel, aangewend. Die resultate het aangetoon dat die data nie 'n aanvaarbare heksagonale struktuur kon voorstel nie.

Du Toit (soos rapporteer word in hoofstuk 5) het die Suid-Afrikaanse SDS op 'n groep swart graad 11- en 12-leerders in die Oos-Kaap en Noordwes toegepas en bevind dat die sirkelvormige R-I-A-S-E-C ordening nie by een van die steekproewe voorgekom het nie. Dit wil sê geen bevestiging kon vir die heksagonale konfigurasie verkry word nie.

Fouad en Dancer (1992b) voer verskeie redes aan vir die verwagte verskille in die struktuur van belangstellings van verskillende kultuurgroepe. Sommige van die redes sluit onder andere die volgende in, naamlik

- Die verskil in metingsprosedures en –benaderings;
- Kultuur en taalverskille; en
- Die verskillende vertolkings deur verskillende kulture oor die rol wat belangstelling by beroepskeuse speel.

Volgens Rounds en Tracey (1996) bestaan die moontlikheid dat waardes onderliggende dimensies van kultuur kan reflekteer. Die voorkoms van hoë kollektiwisme (in die Suid-Afrikaanse konteks kan dit moontlik na die begrip *ubuntu* verwys) en die beklemtoning van sogenaamde manlike waardes in sekere kulture, kan genoegsame invloed op belangstellingspatrone uitoefen. Dit kan lei tot die beperking van hierdie patrone en gevolglik swak ooreenkomste met sekere teoretiese raamwerke aandui. Volgens genoemde navorsers kan die moontlikheid

dat die betekenis en interpretasie van R-I-A-S-E-C tipes verander het, die verskil in die struktuur by verkillende kultuurgroepe verklaar.

Nogtans is die groot vraag, moet teoretiese betekenis aan die verskille geheg word, of moet die invloed van eksterne faktore op die struktuur eerder ondersoek word. Hansen (1987) wys daarop dat die verskil in en status van sosio-ekonomiese faktore moontlike verskille in die struktuur van belangstellings by verskillende kultuurgroepe kan verklaar. Suid-Afrika se werkloosheid word so hoog as 33,9% (4,7 miljoen mense) (Statistics South Africa, 2000) geskat en kan moontlik 'n belangrike rol speel met die vestiging van belangstellings en persepsies ten opsigte van beroepe. Watson *et al.* (1997) het egter in hulle studie bevind dat die laer sosio-ekonomiese groep 'n beter ooreenkoms met Holland se model getoon het as die sosio-ekonomiese middelklas groep. Hierdie gegewens word ondersteun deur die bevindings van Tracey *et al.* (1996) wat reeds vermeld is. Hulle voer egter aan dat hierdie verskynsel moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat die steekproef wat die laer sosio-ekonomiese groep verteenwoordig het, groter was as die steekproewe vir die ander sosio-ekonomiese groepe.

Die hoë interkorrelasies tussen die R-I-A-S-E-C skale soos opgemerk in hierdie studie vir onder meer die Noordwes-groep mag dalk ook 'n verklaring bied. Dit is opmerklik dat meeste van die response op die betrokke skale oorwegend *Ja* gemerk is. Kan dit wees dat hierdie proefpersone 'n gevoel van hoop uitgespreek het met die beantwoording van hierdie vrae? In die lig van die hoë werkloosheidsyfer was hulle moontlik hoopvol dat indien hulle meestal positief op die stimuli reageer, dit hulle kans vir werksgeleenthede kan verbeter. Erasmus (1999) het in 'n studie met werkloos aangedui dat 90% van die respondente aangedui het dat hulle enige werk sal doen - hulle het gesê dat enige werk beter is as geen werk nie. Aan die ander kant kan dit ook dalk 'n refleksie van die algehele voorkeur neiging wees (die neiging om die *Ja*-opsie te kies) soos ook onder andere deur Gati (1982) aangetoon. Volgens hom het dit persoonlikheidsimplikasies.

Alhoewel die kruis-kulturele toepaslikheid van R-I-A-S-E-C instrumente dalk op die oomblik bevestig word, sal die relatiewe eenvoudigheid en

gebruikersvriendelike konsepte van Holland se model moontlik nog daarin slaag om voortgesette toepassing daarvan in Suid-Afrika te verseker. Een van die uitdagings hier te lande kan moontlik lei tot die moderering en aanpassing van sekere relevante veranderlikes in Holland se teorie om sodoende te verseker dat hierdie befaamde en empiries gevestigde raamwerk steeds inslag vind. Die ander uitdaging hou verband met Stead en Watson (1999) se pleidooi vir die ernstige oorweging vir die ontwikkeling van 'n inheemse raamwerk en benadering wat die sosiale, kulturele en ekonomiese werklikhede van Suid-Afrika sal dien.

3.6 DIE FUNKSIONALITEIT VAN BELANGSTELLINGS MET SPESIFIEKE VERWYSING NA METING

Die belangrikste funksie van belangstellings is dat empiriese skale ontwikkel kan word om belangstellingskonstrukte te meet en dat die resultate wat behaal word, 'n aanduiding kan gee van moontlike beroepe wat by 'n individu se belangstellingspatroon pas. Die resultate van 'n belangstellingsmeetinstrument kan 'n individu se beroepsidentiteit bepaal, wat op sigself weer kan lei tot selfkennis en -insig.

3.6.1 Operasionele wyses om belangstellings te meet

Belangstellings word operasioneel gedefinieer deur middel van meetinstrumente. Opsommend bestaan daar primêr vier verskillende wyses waarop belangstellings operasioneel gedefinieer en gemeet kan word (Crites, 1999):

- Uitgesproke belangstellings

Uitgesproke belangstellings sê presies wat dit beteken - 'n individu dui verbaal aan vir watter objekte, aktiwiteite of beroepe waarvoor hy 'n voorkeur het. Hierdie metode word dikwels in vraelyste soos die SDS aangewend, deur aan die begin van die vraelys vir die individu te vra om byvoorbeeld sy voorkeurberoepe aan te dui. In loopbaanvoorligtingspraktyk is dit gewoonlik 'n vraag wat in biografiese vraelyste ingesluit word voordat enige ander formele assessering plaasvind. Die afleidings wat op grond van hierdie uitgesproke belangstellings gemaak kan word, hou verband met die mate van loopbaanvolwassenheid wat die individu bereik het.

Uitgesproke belangstellings is dikwels nie net 'n blote voorkeurstelling wat deur 'n individu gemaak word nie - dit kan daarop dui dat die individu reeds 'n proses van eksplorering en evaluering ten opsigte van verskeie beroepe deurleef het.

- **Bewysbare of gemanifesteerde belangstellings**

Wanneer 'n individu reeds aktief besig is met 'n spesifieke aktiwiteit, of reeds in 'n beroep staan, kan dit in baie gevalle aanvaar word dat dit 'n aanduiding is van gemanifesteerde belangstellings. Hierdie gemanifesteerde belangstellings kan opgevolg word deur 'n historiese dagboek - die individu kan oor 'n tydperk heen aanteken wat sy aktiwiteite behels, en sodoende bepaal of sekere belangstellings reeds gevestig is.

- **Belangstellings wat getoets word**

Hierdie metode behels die toetsing van belangstellings deur middel van objektiewe toetse. Hierdie objektiewe toetse verskil van vraelyste wat op selfbeoordelings gegrond is. Die objektiewe toetse vereis eerstens dat 'n individu self aandui wat sy belangstellings is, maar dan word selfevaluering getoets met behulp van feite wat akkumuleer (bewyse) in omstandighede waar die individu reeds besig is met sekere aktiwiteite.

- **Belangstellingsvraelyste**

Die gebruik van vraelyste om belangstelling te bepaal is die tegniek wat die meeste gebruik word. Gewoonlik word aktiwiteite in items beskryf, waarop 'n individu dan moet aandui of hy daarvan sal hou, nie daarvan sal hou nie, of neutraal staan ten opsigte van die uitvoering van genoemde aktiwiteit. Die resultate van sy antwoord word verwerk na skaaltellings en kan normatief of ipsatief geïnterpreteer word. Belangstellingsvraelyste reflekteer gewoonlik groepe van verbandhoudende belangstellings en gee 'n goeie weerspieëling van 'n persoon se voorkeurwerksaktiwiteite.

3.6.2 Meting van belangstellings met behulp van vraelyste

In die ontwikkeling van belangstellingsvraelyste is aanvanklik gebruik gemaak van heterogene skale, soos byvoorbeeld die Strong Vocational Interest Blank (Campbell, 1971). Hierdie vraelyste het nie werklik basiese belangstellings gemeet nie

aangesien dit uit items bestaan wat werkers se response in 'n enkele spesifieke beroepsgroep verteenwoordig. Die itemresponse is dan met dié van 'n algemeen verteenwoordigende steekproef vergelyk.

Homogene belangstellingsvraelyste of -skale word egter deesdae gebruik. Hierdie homogene skale word bepaal deur gebruik te maak van tegnieke soos onder meer faktorontleding. Die waarde van faktorontledingstegnieke lê daarin dat sekere groepe of faktore (wat bondeltjies soortgelyke items insluit) gevorm word wat sin maak in loopbaanvoorligtingspraktyk. Een van die vroegste voorbeelde van so 'n meetinstrument is die Kuder Preference Record (1961).

Die skale van belangstellingsvraelyste sluit gewoonlik items in wat aktiwiteite beskryf en waarop die individu moet aandui of hy daarvan sal hou of nie om die aktiwiteite uit te voer. Sommige vraelyste maak byvoorbeeld gebruik van beroepsname, beskrywings van tipes persone wat in die arbeidsmark betrokke is, asook beskrywings van persoonlike kenmerke. Determinante soos byvoorbeeld geslag en sosio-ekonomiese status word gewoonlik in ag geneem wanneer items geskryf word. Deesdae word daar ook baie aandag aan etnisiteit gegee. Die meeste vraelyste word teen die agtergrond van 'n teoretiese model ontwikkel, waarvan Holland se teorie seker een van die gewildste verwysingsraamwerke is. 'n Vraelys soos die SDS sluit ook items rakende vaardighede in. Die iteminhoud is belangrik ten opsigte van die korrekte definiering van belangstellingskonsepte. Daar word wesenlik twee soorte formate van items aangetref:

- Die vrye keuse formaat

Wanneer hierdie formaat gebruik word, het die individu die keuse om aan te dui of hy daarvan sal hou om byvoorbeeld die spesifieke aktiwiteit te verrig. Response kan wissel tussen *Ja en Nee; Hou daarvan, Hou nie daarvan nie, Gee nie om nie*.

- Geforseerde formaat

Wanneer hierdie formaat gebruik word, word die individu gedwing om te kies tussen twee verskillende soorte aktiwiteite wat beskryf word, of om byvoorbeeld drie beskrywings van aktiwiteite te rangorden.

Die interpretasie van belangstellingsvraelyste kan normatief of ipsatief wees. Normatiewe vraelyste vergelyk die individu se resultate met 'n normgroep. Sommige vraelyste gebruik beroepsgroepe as die vergelykende standaard. Die SDS word ipsatief aangewend en gebruik byvoorbeeld die routellings van individue. Albei hierdie metodes se hoofdoel is om 'n metode daar te stel om die resultate sinvol aan die individu oor te dra in terme van sy belangstellings in spesifieke beroepsdomeine. Volgens Harmon (1999) blyk dit dat belangstellingsvraelyste 'n diepgaande invloed op individue het deurdat dit die selfbeeld, asook die wyse waarop hulle na die wêreld-van-werk, en die verband tussen hulself en dié wêreld, kan beïnvloed en moontlik verander. Dit is dus belangrik dat enige hulpverlener groot verantwoordelikheid aan die dag sal lê wanneer van belangstellingsmeting gebruik gemaak word om individue te help om loopbaankeuses te maak.

3.7 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gepoog om 'n perspektief op belangstellings te gee. Soos beskryf, dra belangstellings by tot: a) die ontwikkeling van individualiteit; b) die identifisering van die self; c) die organisering van aktiwiteite; d) die volharding met sekere aktiwiteite; e) die vestiging van 'n fokus met betrekking tot langtermyn beroepsplanne en -aktiwiteite; en e) die vergemakliking van verbandhoudende besluitneming.

Die struktuur van belangstellings staan deesdae uit as 'n belangrike fenomeen in die loopbaansielkunde. Die model van Holland het as gevolg van die wye navorsingsaandag wat dit geniet het, kop en skouers bo ander modelle uitgestaan.

Daar moet ten slotte net weer eens verwys word na die feit dat interne verhoudings tussen die R-I-A-S-E-C tipes wat primêr deur 'n sirkel voorgestel word, die hoeksteen van Holland (1985) se uitbeelding van die verskillende persoonlikheidstipes is. Die betekenis van elke tipe word juis afgelei van die nomologiese netwerk van verbande tussen al die tipes. Dit is die verbande tussen die tipes wat die struktuur van belangstellings impliseer. Rounds en Tracey (1996) wys daarop dat aangesien dit wil voorkom asof die struktuur van belangstellings soos voorgehou deur Holland se model oor verskillende kulture heen verskil, die

moontlikheid bestaan dat daar 'n verandering in die betekenis, interpretasie en eksterne korrelasies tussen die tipes in ander lande mag plaasgevind het. Hulle wys daarop dat die negatiewe kruis-kulturele resultate ten opsigte van hierdie struktuur van belangstellings, waarsku dat die Amerikaanse kennis nie noodwendig oordraagbaar en toepaslik in ander lande sal wees nie.

Dit lei tot die gevolgtrekking dat intensiewe navorsing noodsaaklik is voordat Anglo-Amerikaanse modelle deur ander kulture as geldig aanvaar en aangewend kan word. Die volgende navorsingsvrae kan aangespreek word:

- Watter bestaande modelle kan aangepas word om belangstellings van verskillende kulture te verteenwoordig? en
- Vereis die verskil in die struktuur van belangstellings oor kulture heen die ontwikkeling van eie toepaslike modelle?

Alles in ag genome, blyk dit dat beroepsbelangstellings was, is, en altyd een van die belangrikste konsepte in die loopbaansielkunde en loopbaanvoorligtingspraktyk sal bly. Gottfredson (1999) maak die stelling dat:

Given all that they are and do, interests seem quite interesting (p.52).